

# Salmate: Varke



## Beskrywing

Salmate® is 'n bron van EPA (eicosapentaenoic acid) en DHA (docosahexaenoic acid), 2 essensiële, onversadigde vetsure. Beide EPA en DHA speel 'n belangrike rol in reproduksie, veral in die verlaging in voorkoms van embrio sterftes, asook sperm produksie.

## Eienskappe

- Salmate is 'n gestandaardiseerde bron van EPA (5.5%) en DHA (4.9%) in poeivorm.
- Salmate word vervaardig van suiwer visolie en word emulsifiseer om die absorpsie van vetsure te verbeter met 33 - 44%.
- Salmate is hoog in Omega 3 en laag in Omega 6 vetsure.
- Salmate word omhul met 'n spesiale styselmatriks om die rumen verbyvloei te verhoog, die smaaklikheid te verbeter, die risiko van galsterigheid te verlaag en om die mengbaarheid te verbeter.
- Antioksidante in Salmate verlaag die risiko van oksidasie daarvan.
- Salmate is FAMI-QS gesertifiseer en word in die VSA vervaardig.
- Rakleef tyd is 18 maande.
- Registrasie nommer in ooreenstemming met Wet 36 van 1947:  
⇒ **Salmate Dry Fat - V 23026**



## Voordele

- EPA en DHA verbeter membraanvloeibaarheid (integriteit) van selmembrane. Dit speel 'n belangrike rol in onder andere sperm selwand kwaliteit.
- Verbeterde selwand vloeibaarheid verbeter herlewings tempo van gevriesde semen, bevorder sperm lewensvatbaarheid en die kwaliteit van sperme.
- EPA en DHA in Salmate verlaag die sekresie van PGF<sub>2α</sub> in die uterus van die sog.
- Dit kan lei tot verbetering in die oorlewing van embrios en dus ook verbetering in die reproduksie tempo.
- Verbetering in sperm selwand vloeibaarheid verhoog die herlewings tempo van gevriesde semen.
- Salmate dra by tot groter werpsel grootte en lewendig gebore varkie – derhalwe verbeterde reproduksie doeltreffendheid in sôe.



## Aanwending

Voere	Aanbevole innames Salmate
Bere	Bere: 40-60 g/d/d (60g vir hard werkende bere)
Droë Sog en Laktasie rantsoen	2.3kg/ton voer gedurende hele dragtigheid en laktasie periode
Sog Laktasie	5d voor parturisie tot speen, totaal 30-33d: 5kg/ton 5d voor tot 37d na parturisie, totaal 42d: 3.75kg/ton

